

Heilige Gees-versterkte liefde in 'n huwelik

2 September 2021

Dit is wanneer mens deur verskeie beproewinge gaan, dat mense se huweliksverhouding getoets word. Óf die huwelik val uitmekaar, óf mens groei nader aan mekaar. As die fondasie van die huwelik selfsug en trots is, sal dit uitmekaar val. Maar as die fondasie op nederigheid en 'n diensbare hart gebou is, sal die beproewinge paartjies na 'n pragtige diepte van liefde bring wat onvergelykbaar is.

Ek is die afgelope twee jaar eers deur 'n beroerte en gevolglike epileptiese aanvalle, asook tye van uiterste swakheid. Mandy moes dit alles hanteer; aanvanklik was dit in die middel van die nag op 'n afgeleë plaas waar 'n plaasboer 3 uur in die oggend gebel is om my by die hospitaal te help kry. Mandy moes die groot las van die aanvalle dra aangesien ek gewoonlik onbewus was van dit wat met my gebeur het; dan het ek ure daarna eers uit 'n bewusteloosheid wakker geword. Dit was vir haar besonder moeilik. Vir haar ontwil het ons besluit om na 'n klein dorpie te trek waar sy bure sou hê om haar by te staan, en hulle het ons al by verskeie geleenthede mooi bygestaan.

Ek wil egter nie oor die beproewinge en siektes (wat op sigself baie wonderlike getuienisse bevat) praat nie. Ek wil eerder die aandag op ons huweliksverhouding en die gevolglike verdieping van ons liefde vir mekaar, rig.

Twee nagte gelede het ek 'n borsinfeksie ontwikkel en dit het in 'n hoesbui ontaard wat my na my asem laat hyg het. Dit was vir Mandy weer taamlik traumaties aangesien sy dikwels in die nag die epileptiese aanvalle moes hanteer. Dit was hierdie keer 'n ernstige borsinfeksie. Dit het albei van ons vir ure wakker gehou. Die volgende dag (gister) het ons Orania se uitstekende kliniek besoek en hulle het my met hul kenmerkende professionele diens behandel. Gisteraand het ek dus baie beter geslaap met net een hoesbui wat vinnig oorgegaan het. Lank het ek wakker gelê en na Mandy langs my geluister. Sy het intussen aan die slaap geraak en haar asemhaling was diep. Ek het my hand saggies in hare geglip en stil gefluister om haar nie wakker te maak nie, "Ek het jou so lief, ek het jou so lief, ek het jou so baie, baie lief."

Soos ek al talle kere in die nag gedurende moeilike tye ervaar het, het die HEILIGE teenwoordigheid van die Heilige Gees weer op daardie tydstip oor my gekom. Hy het vir my 'n openbaring oor 'n diepte van 'n huweliksverhouding gegee wat baie min mense ken. Ek het saggies gehuil terwyl ek Mandy se hand styf vasgehou het en die Heilige Gees een Skrif na die ander soos lewende water deur my hart laat vloei. Dit was die pragtigste openbaring. Hier is 'n deel daarvan ...

Rom 5:1 "OMDAT ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus,

*5:2 "deur wie ons ook **deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God.***

5:3 "En nie alleen dit nie, maar ons **roem ook in die verdrukkinge**, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk.

5:4 "en die lydsaamheid **beproefdheid** en die beproefdheid hoop;

5:5 "en die **hoop beskaam nie**, omdat die LIEFDE VAN GOD IN ONS HARTE UITGESTORT IS DEUR DIE HEILIGE GEES wat aan ons gegee is."

Wat vir my in hierdie gedeelte uitgestaan het, was nie soseer die positiewe uiteinde wat vervolging kan voortbring nie – soos ek al baie oor geskryf het (sien my boek [Koester die woestyn](#)). Wat my bewoë gemaak het, was dat die Heilige Gees die Een is wat die LIEFDE in ons harte UITSTORT. Wanneer ons ookal oor die dae van die Heilige Gees lees, vind ons daar was altyd 'n bonatuurlike krag betrokke wat nie deur enige menslike poging vermag kan word nie. Toe die Heilige Gees oor die woeste, leë duisternis van die aarde se chaos gesweef het, het God gesê, "Laat daar lig wees, en daar was lig." Uit niks uit het die Heilige Gees lig en lewe voortgebring.

Paulus haal hierdie gedeelte uit Genesis aan en brei daarop uit:

2Kor 4:6 "Want God wat gesê het **dat daar uit duisternis lig moet skyn** — dit is Hy wat **in ons harte geskyn het om die verligting te bring** van die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus."

Neem kennis dat Hy **in ons donker harte skyn!**

2Kor 4:7 "Maar ons het hierdie SKAT IN ERDEKRUIKE, sodat die VOORTREFLIKHEID VAN DIE KRAG van God mag wees en nie uit ons nie."

Die Heilige Gees is daardie skat in ons baie gewone menslike "erdekruike" en saam met Hom kom weer hierdie "voortreflikheid van die krag". Dit is 'n krag ver bo ons eie vermoëns.

*2Kor 4:8 "In alles word ons **verdruk**, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is **verleë**, maar nie radeloos nie;*

*4:9 "**vervolg**, maar nie verlate nie; **neergewerp**, maar nie vernietig nie;"*

Let weer op na die woestyn van verdrukking, verwarring, vervolging en neerslag. In daardie woestyn van beproewinge kom hierdie **uitstorting van liefde en lig** wat weereens ons menslike vermoë of verstand te bowe gaan.

Wanneer ons weer na ons sleutel Skrifgedeelte teruggaan wat sê dat die Heilige Gees **sy liefde in ons harte uitstort**, sien ons dat dit dikwels met die woestyn van verdrukking gepaard gaan. En in daardie woestyn wat donker en leeg voorkom soos die wêreld eens was, kom hierdie bonatuurlike - bomenslike - liefde wat nie deur menslike pogings opgewek kan word nie; en dit strek ver bo die diepste vorm van erotiese liefde van selfs twee jong mense wat op mekaar verlief raak. Hierdie liefde wat die Heilige Gees in ons harte uitstort, veral in 'n volwasse huweliksverhouding, is so diep en kragtig dat nie eers die wildste van woestynervarings dit

uitmekaar kan breek nie. Inteendeel, dit maak die liefde net sterker.

Terwyl hierdie openbaring oor my gekom het, het ek iets ervaar wat ek dikwels ervaar wanneer ons deur diep beproewinge gaan: 'n bonatuurlike liefde vir Mandy wat so uiters lieflik is.

Alhoewel ek nog nie voorheen hierdie spesifieke Bybelse begrip gehad het nie, besef ek wanneer ek daarvoor nadink dat ek nietemin alreeds verskeie kere hierdie bonatuurlike uitstorting van die Heilige Gees se liefde waarvan die Bybel praat, beleef het. Die eerste keer toe ek hierdie bonatuurlike liefde vir Mandy wat al my vorige ervarings oorskry, ervaar het – die liefde wat verseker ver bokant enige persoonlike strewe na moraliteit in my eie krag strek – was toe ek en Mandy uit Zimbabwe moes vlug (sien my boek [Nóg 'n plaas in Afrika](#)). Ek het Mandy se verskrikking gesien toe ek met polities-geörienteerde valse aanklagte wat 'n lewensvonnis gedra het, in die tronk toegesluit is. Ek was ook 'n rukkie later ná die hof verhoor saam met Mandy toe 'n besorgde swartman en sy vrou ons in die nag kom waarsku het om landuit te vlug aangesien ek die volgende dag lewenslange tronkstraf opgelê sou word. Ek het Mandy se hand vasgehou toe ons vliegtuig vanaf Harare se lughawe opgestyg het en ons na die onbekende gevlieg het. Ons het geen idee gehad wat ons toekoms ingehou het nie. Al wat ons gehad het, was 'n tas klere elk. Terwyl ons kyk hoe Zimbabwe agter ons wegval, het ek Mandy se hand styf vasgehou, met deernis na haar gekyk en gesê, "Ons het mekaar." Op daardie oomblik het ek weer hierdie bonatuurlike diepte in my liefde vir Mandy beleef

wat deur die Heilige Gees in my hart gestort is – 'n liefde ver bo my menslike vermoë.

Die tweede keer dat ek hierdie bonatuurlike liefde beleef het, was net 'n paar weke daarna. Mandy was so getraumatiseer deur die beproewing waardeur ons is, dat sy soos 'n ou vrou voor-oor geboë en bewend geloop het. Sy kon nie meer alleen stap nie en haar droewige stemmetjie was treurig om aan te hoor. Ons is deur 'n liefdevolle paartjie in Pretoria versorg. Een aand terwyl ons gebed het, het Mandy my met droewige, byna pleitende oë aangekyk en gevra, "Wat hou môre vir ons in? Wat is ons toekoms?"

Daardie selfde kragtige liefde van die Heilige Gees het oor my gekom vir Mandy, en daarmee saam 'n geloof ver bokant enige iets wat ek kon voortbring en wat verder as enige wetenskaplike verduideliking strek.

Ek het eenvoudig geantwoord, "Vanaand het ons 'n bord kos om te eet en 'n warm bed om in te slaap. Môre is in die Here se hande. Ons gaan nie op 'n hopie selfbejammering sit nie. Deur die genade van die Here gaan ons eerder uitgaan en mense bedien wat getraumatiseer is, en ons sal vir mense wat seergekry het, omgee. Nooit sal ons vir enige mens vir geld vir ons bediening vra nie, maar ons sal eerder die Here vertrou om in al ons behoeftes te voorsien."

Daardie woorde het nie uit myself of my intellek gekom nie. Dit was 'n kragtige uitstorting van liefde deur die Heilige Gees wat 'n geloof ver bo enige menslike vermoë of verduideliking voortbring het.

Dit is nou agt en 'n half jaar later. Ons het by ons besluit gehou. God het op 'n bonatuurlike wyse groot deure van bediening nie net in Suid-Afrika nie, maar in verskeie plekke oor die wêreld vir ons oopgemaak. Hy het bonatuurlik in al ons behoeftes voorsien – 'n tuiste en 'n splinternuwe voertuig waarmee ons duisende boere regoor Suid-Afrika besoek en bedien. Alhoewel ons nog nooit vir betaling vir die bediening gevra het nie, selfs wanneer ons pertinent gevra is wat ons fooie is, was God getrou. Die voorsiening van ons behoeftes kom dikwels van weduwees en pensionarisse of boere wat deur 'n verpletterende droogte gaan – mense wat weet hoe om die Heilige Gees se stem te hoor en daaraan gehoorsaam te wees, ongeag hulle eie omstandighede. Ons word dikwels verras deur wie God hierin gebruik en ons kan baie getuig van God se goedheid.

Maar om terug te kom na die bonatuurlike uitstorting van liefde wat die Heilige Gees vir my gegee het vir my kosbare vrou, besef ek dat alhoewel hierdie aan almal vrylik beskikbaar is, dit nie 'n goedkoop gawe is nie. Ek en Mandy is geroep om 'n lig van hoop vir huwelike en vir mense te wees wat diepe woestyn tye beleef, veral in die huwelik. Die getuigenis van die diep liefde wat ons vir mekaar het, gee vir ander hoop wie se lewens en huwelike uitmekaar val.

Ek het geleer dat ons huwelike op 'n stewige fondasie gebou moet word. As dit op 'n fondasie van selfsug en trots gebou is, sal dit nie die woestyn se toets deurstaan nie en sal dit verseker uitmekaar val. Maar as 'n mens se huwelik op die fondasie van geloof, self-opoffering en nederigheid met sagmoedigheid gebou word, is dit soos 'n kosbare saad wat 'n mens plant. Die saad sal groei, en

as vrug, nooi dit die Heilige Gees uit om daardie kosbare gawe by te voeg, deur sy bonatuurlike liefde in ons huwelik uit te stort. Hierdie uitstorting sal ons deur 'n onverklaarbare liefde saambind, selfs wanneer die diepste beproewing in die gesig gestaar word. Die Bybel voeg nog 'n gawe tot ons begrip van die huwelik by deur beproewing:

Spr 11:2 "Kom die vermetelheid, dan kom die skande, maar by die beskeidenes is wysheid."

Die Amplified Bybelvertaling stel dit so:

Prov 11:2 "When swelling and pride come, then emptiness and shame come also, but with the humble (those who are lowly, who have been pruned or chiseled by trial, and renounce self) are skilful and godly wisdom and soundness."

Menslike poging met goeie moraliteit kan nie met die liefde wat die Heilige Gees gee, vergelyk word nie. Hierdie liefde kan ook nie gekoop word, wetenskaplik verklaar word of deur 'n hof beveel word nie. Dit is absoluut in elke faset bonatuurlik en kan slegs deur geloof ontvang word.

Soek met jou hele wese na hierdie uitstorting van die Heilige Gees. Maar moenie verbaas wees as dit met moeilike beproewinge vergesel word nie. Beskou die beproewinge as kosbare juwele om beproefde karakter in julle lewens in te bou, en daarmee saam 'n sekere hoop vir die toekoms en 'n gelukkige huwelik.

(Vir verdere studie en begrip van die werk van die Heilige Gees in ons lewens, lees gerus my reeks boeke oor die

onderwerp: Ontvang die Heilige Gees: [Boek 1 – Ingang tot die Koninkryk](#), [Boek 2 - Die doel van die Heilige Gees](#), [Boek 3 - Die doop: Water, Gees, Vuur.](#))

Hierdie is deur 'n diep liefde van die Heilige Gees aan seer en gebroke mense geskryf. Mag God aan die talle huwelike wat besig is om uitmekaar te skeur, genesing bring.

DAAR IS HOOP.